20 Julie 2020

Beste Ouer

As deel van die statutêre vereistes van die Departement van Gesondheid is ons genoodsaak om leerders en personeel met ENIGE simptome, wat met Covid-19 verband hou, huis toe te stuur. Die skool se siekekamer is buite perke en alle leerders wat siek voorkom, word dus as moontlike COVID-gevalle hanteer.

U kind het met die volgende simptome gepresenteer: _____

1. Optrede van ouers

Die volgende optrede word van ouers verwag:

- Raadpleeg u huisdokter so gou as moontlik vir ŉ konsultasie. Die dokter sal bepaal of u kind moet isoleer, kan terugkeer skool toe en of u kind vir COVID-19 moet laat toets.
- Die besluitneming van u dokter moet per e-pos aan die volgende personeel gestuur word voor u kind weer by die skool toegelaat mag word:
    - info@menlopark.co.za
    - u kind se graadvoogde
    - kwagga.loubser@menlopark.co.za en charise.meistre@menlopark.co.za

2. Proaktiewe isolasie

Indien u besluit om proaktief te isoleer weens direkte kontak met ŉ bevestigde Covid-19-geval moet u ŉ e-pos aan die volgende persone stuur:

- Graadvoogde, info@menlopark.co.za en charise.meistre@menlopark.co.za.
- Hierdie e-pos moet die volgende inligting insluit:
    - U kind se naam en van
    - U kind se graad en klas
    - Brief van u dokter met uitslag van konsultasie
    - Datum waarop isolasietydperk begin
    - Verwagte datum van terugkeer na die skool

3. Bevestigde Covid-19-gevalle

Indien ŉ toets bevestig dat u kind, of enige ander persoon in u huishouding, Covid-19 onder lede het, word u versoek om ŉ e-pos aan die volgende persone te stuur:

- kwagga.loubser@menlopark.co.za en charise.meistre@menlopark.co.za.
- Hierdie e-pos moet die volgende inligting insluit:
    - U kind se naam en van
    - U kind se graad en klas
    - Brief van u dokter met uitslag van konsultasie/bevestigde toetsresultate
    - Datum waarop isolasietydperk begin
    - Verwagte datum van terugkeer na die skool
    - Lys van leerders en/of personeel van Die Hoërskool Menlopark waarmee u kind in direkte kontak was (sonder enige maskers of sosiale afstand).

4. Isolasie

Die voorgestelde tydperk vir selfisolasie is 14 dae. Die isolasietydperk begin op die dag wanneer u kind, of die persoon waarmee u kind in aanraking was, sy/haar positiewe Covid-19-uitslag ontvang. Indien leerders na agt dae van isolasie geen simptome toon nie, mag hulle terugkeer skool toe. Sulke leerders moet steeds 'n dokterbsrief, wat bevestig dat hulle gesond is, by die skool inhandig. Indien leerders enige COVID-verwante simptome tydens die isolasietydperk toon, moet hulle tuis bly totdat 'n dokter kan bevestig dat dit veilig is om terug te keer skool toe. E-pos die doktersbrief aan: kwagga.loubser@menlopark.co.za en charise.meistre@menlopark.co.za.

5. Doktersbriewe

Daar word van leerders verwag om in die volgende omstandighede doktersbriewe in te handig:

Omstandighede	Persoon aan wie doktersbrief gestuur word
Leerders wat na agt dae van isolasie terugkeer skool toe	• kwagga.loubser@menlopark.co.za • charise.meistre@menlopark.co.za
Leerders wat terugkeer skool toe nadat hulle Covid-verwante simptome getoon het	• kwagga.loubser@menlopark.co.za • charise.meistre@menlopark.co.za
Leerders wat herstel het van Covid-19 en negatiewe toetsuitslae	• kwagga.loubser@menlopark.co.za • charise.meistre@menlopark.co.za
Leerders wat vir meer as drie opeenvolgende dae afwesig is	• Graadvoogde
Afwesigheid tydens toetse Slegs vir gevalle wat met Covid-19 verband hou	• Graadvoogde • Vakonderwyser • kwagga.loubser@menlopark.co.za • charise.meistre@menlopark.co.za

Dit is noodsaaklik dat u die verlangde inligting spoedig aan die onderskeie kontakpersone deurgee sodat die skool hierdie inligting, vir statistiese doeleindes, aan die Onderwysdepartement en die Departement van Gesondheid kan deurstuur én sodat die skool die situasie kan monitor en bestuur.

Om seker te maak dat u kind se akademiese vordering op koers bly, word u versoek om reëlings te tref met die graadvoogde en vakpersoneel. Toetse vir afwesige leerders sal op toetsdae om 13:00 op Teams gelaai word sodat leerders die toetse aanlyn kan skryf. Neem asseblief kennis dat aanlyn toetse nie in berekening gebring sal word vir leerders se kwartaalpunte nie, maar dat dit wel nagesien sal word. Die onderwysers is gereed om u kind te ondersteun, maar dit bly leerders se verantwoordelikheid om seker te maak dat hulle werk op datum is.

Wees asseblief verseker dat die inligting van toetsresultate as konfidensieel beskou word en met die nodige diskresie hanteer word. Dankie vir u ondersteuning en samewerking in hierdie uitdagende tyd. Ons waardeer dit opreg.

Menlo-groete

COVID-19-SPAN

SCHALK REYNDERS
HOOF